J V S Property Enterprises BK

ARTIKEL 51 HANDLEIDING
WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

INHOUD

A. Inleiding

B. Besonderhede in terme van Artikel 51 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting

1. Kontakbesonderhede
2. Artikel 10 Gids oor die gebruik van die Wet
3. Rekords beskikbaar in terme van enige ander wetgewing
4. Beskikbaarheid van rekords gehou deur die privaatliggaam onder bespreking
   - i. Inligting geredelik beskikbaar, indien van toepassing
   - ii. Rekords wat versoek mag word
   - iii. Prosedure om inligting te versoek
5. Ander inligting wat voorgeskryf mag word
6. Beskikbaarheid van die handleiding

A. INLEIDING

Hoof besigheid

Verkope en verhuring van kommersiële en residensiële eiendom.

B. BESONDERHEDE IN TERME VAN DIE ARTIKEL 51 HANDLEIDING

1. Kontakbesonderhede

Hoof van die privaatliggaam: J H van Staden

Posadres:
Posbus 689
Mosselbaai
6500

Straatadres:
Barrie Straat 32
Mossdustria
Mosselbaai
6500

Telefoonnommer: 044 697 7640
E-pos johansnr@propman.co.za

2. Artikel 10 gids oor die gebruik van die Wet

Die gids sal, volgens die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMK), beskikbaar wees vir inspeksie by die kantore van die Menseregtekommissie. Rig enige navrae aan:

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie:

WBTI Eenheid
Navorsing en Dokumentasie Departement
Posadres: Privaatsak 2700
Houghton
2041

Telefoon: +27 11 484-8300
Faks: +27 11 484-7146
Webwerf: www.sahrc.org.za
E-pos: PAIA@sahrc.org.za

3. Rekords beskikbaar in terme van enige ander wetgewing

1. Basic Conditions of Employment No. 75 of 1997
2. Close Corporations Act No. 69 of 1984
3. Income Tax Act No. 95 of 1967
4. Value Added Tax Act No. 89 of 1991
5. Estate Agents Act 112 of 1976
6. Financial Intelligence Act 38 of 2001
7. The Alienation of Land Act 68 of 1981
8. The Prevention of Illegal Eviction and unlawfull Occupation Act
9. The Promotion of Access to Information Act

4. Beskikbaarheid van rekords gehou deur J V S Property Enterprises BK

i. Inligting geredelik beskikbaar, indien van toepassing

Nie van toepassing

ii. Rekords wat versoek mag word:

Ons hou rekords van die volgende kategorieë en onderwerpe. **Let asseblief egter daarop dat die verskyning van 'n kategorie of onderwerp in hierdie Handleiding nie noodwendig beteken dat toegang tot die rekord toegelaat sal word nie.** Alle versoeke vir toegang sal individueel beoordeel word volgens die riglyne van die Wet. Daar mag spesifieke gronde vir weiering wees soos uiteengesit in die Wet.

Administrasie
- Korrespondensie

Finansieel
- Jaarlikse finansiële state
- Bankbesonderhede
- Bankstate

Menslike hulpbronne
- Indiensnemingskontrakte

Registrasie dokumente
- Sertifikaat van inlywing

iii. **Prosedure om inligting te versoek:**

Formaat van versoek:

- Die persoon wat die versoek rig moet die voorgeskrewe vorm voltooi wat beskikbaar is op die SAMK webwerf. Die versoek moet gerig word aan die hoof van die privaatliggaam. Hierdie versoek moet gestuur word na die adres, faksnommer of e-pos soos verskaf in hierdie handleiding.

- Die versoeker moet voldoende inligting verskaf op die voorgeskrewe vorm om sodoende die hoof van die privaatliggaam in staat te stel om die versoeker en die rekord ter sprake te identifiseer. Die versoeker moet ook aandui watter vorm van toegang verlang word. Die versoeker moet ook aandui of hy/sy op enige ander wyse ingelig wil word en dan die nodige besonderhede verskaf om sodanig ingelig te kan word.

- Die versoeker moet die reg identifiseer wat uitgevoer of beskerm gaan word, en 'n volledige verduideliking verskaf oor hoekom die betrokke inligting benodig word vir die uitoefening of beskerm van daardie reg.

- As die aansoek namens 'n ander persoon gedoen word, moet die versoeker 'n bewys lewer van die hoedanigheid waarin die versoeker aansoek doen, tot die bevrediging van die hoof van die privaatliggaam.

Gelde:

Die versoeker wat toegang vereis tot 'n rekord wat persoonlike inligting van daardie persoon bevat, hoef nie die voorgeskrewe versoekgelde te betaal nie. Enige ander versoeker, wie nie 'n persoonlike versoeker is nie, moet die voorgeskrewe versoekgelde betaal.

- Die hoof van die privaatliggaam moet die versoeker (anders as 'n persoonlike versoeker) by wyse van 'n kennisgewing in kennis stel van die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) wat betaalbaar is voor daar enige verdere verwerking van die versoek plaasvind.

- Die gelde wat die versoeker aan die privaatliggaam moet betaal beloop R50. Die versoeker mag 'n aansoek tot die Hof rig teen die betaling van die voorgeskrewe gelde.

- Nadat die hoof van die privaatliggaam 'n besluit geneem het rondom die versoek, moet die versoeker in kennis gestel word in die toepaslike formaat.

- Indien die versoek toegestaan word, moet verdere toegangsgelde betaal word vir die nasporing, kopiëring, voorbereiding en vir tyd wat meer spandeer is as die voorgeskrewe ure vir die nasporing en voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking.

5. Ander inligting wat voorgeskryf mag word

Die Minister van Justisie en die Konstitusionele Ontwikkeling het nog geen regulasies rakende hierdie saak gemaak nie.

6. Beskikbaarheid van die handleiding

Die handleiding is ook beskikbaar vir inspeksie gedurende kantoor-ure by die kantore van J V S Property Enterprises BK teen geen koste. Afskrifte is beskikbaar by die SAMK.